Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging (SASV)

Bulletin 6A

2015\1

Tuimelaars

Die Tuimelaars is een van die gewildste groepe duiwe in Suid Afrika en daar is baie rasse wat deel uitmaak van hierdie groep. Die meeste van die rasse teel redelik maklik, vandaar die gewildheid en ook die getalle wat op skoue vertoon word. Daar is egter ook sekere van die tuimelaars wat besonder moeilik is om te teel en sommige kan ook nie hulle eie kuikens groot maak nie as gevolg van hulle kort bekke.

Engelse Langgesig Tuimelaar



Veerpoot

Bleskop

Die Engelse Langgesig se kop is so groot as moontlik, rond in profiel en so breed moontlik. Die hoogste punt van die kop is regoor die oog. Die bek moet breed wees by die basis en albei bekdele moet ewe dik wees. Die dikte en lengte van die bek moet dieselfde wees. Die lyn wat deur die bekdele getrek word moet deur die onderkant van die oogring sny. Die duif vertoon regop, lewendig en dapper. Die oog moet regoor die bal van die voet wees. Die duif is van medium grootte en moet ongeveer 250mm hoog wees. By Veerpote moet die voetvere se buitekante 'n halfsirkel vorm en by die hakvere ontmoet. Die Bleskop se stert en 10 primêre vlerkvere moet wit wees, asook die kop.

Engelse Kortgesig Tuimelaar



Die Engelse kortgesig is klein, kompak en stewig met 'n breë bors en vlerke wat onder die stert gedra word. Die houding is regop, aktief en trots, terwyl die kop terug gedra word in 'n loodlyn met die voet. Die kop ontspring loodreg vanaf die basis van die bek en is groot, breed, ruim en rond, so kort as moontlik van voor na agter. Die kop het 'n veerkraag, dit wil sê, vere onder die oë en onderbek wat effens boontoe gekrul is. Die bek is kort, fyn, reguit en gepunt.

Komorner Tuimelaar

Die Komorner is 'n klein, kompakte duif met diepte van lyf en 'n vol kappie. Die voorkop is breed, hoog en effens rond met 'n goed ontwikkelde kappie wat weerskante eindig in rosette. Die bek is middelmatig van lengte met 'n klein neusvrat. Die nek is kort en breed en die bors is wyd en goed gerond. Die bene is kort en vry van vere. Die rug en vlerke is kort en breed en die stert is kort en diggevou. Die oog is groot en donker in gemerkte en wit duiwe en pêrel kleurig in ander kleure. Die oogringe is rooi.

Medium Faced Crested Helmet

Die Helmet is middelmatig groot, met 'n lengte van 200mm vanaf die bors tot by die stert en het 'n massa van 227g. Die bors is 100mm wyd, gemeet vanaf die buitekant van die vlerke. Die kappie is bo-op die kop geplaas en strek van oor tot oor en eindig weerskante in 'n simmetriese roset. Die duif is wit van kleur met 'n ten volle gekleurde stert en het kopmerke wat strek vanaf die mondhoeke, onder deur die oog tot by die kappie.

Weense Langgesig Tuimelaar

Die Weense Langgesig Tuimelaar is smal en regop met 'n opgewekte geaardheid. Die voorkop is plat en styg na die bokant van die kop teen 'n vlak hoek. Die bokant van die kop is plat en val dan skerp teen 'n hoek van 90° agter die kop. Die kop is lank en smal, met 'n lang, reguit en dun bek. Die nek is lank en dun en word regop gedra en die bors is smal. Die bene is lank en dun en is naby mekaar geplaas.

Weense Kortgesig Tuimelaar



Die Weense Kortgesig is klein, delikaat, maar tog sterk. Die kop is klein, kubusvormig met die lengte, breedte en hoogte van die kop wat dieselfde is. Die voorkop en die agterkant van die skedel vorm 'n duidelike reghoek. Die bek is reguit geplaas, kort, dik en breed by die basis. Die nek is kort en word geleidelik dunner van die skouers na die kop. Die bors is breed, gerond en prominent en die rug is kort en breed by die skouers. Die bene is kort en sterk.

Felegyhazer Tuimelaar



Die Felegyhazer is klein tot medium in grootte, met 'n kompakte lyf wat amper horisontaal gedra word. Die kop is rond in profiel, met 'n medium lengte bek wat breed is by die basis en stomp eindig by die punt. Die kappie is wyd en moet regop vertoon. Die kappie eindig in 'n roset aan weerskante van die kop. By Magpie gemerkte duiwe is daar 'n gekleurde kol op die kop, 'n gekleurde stert en die agterkant van die nek en 'n gedeelte van die bors is gekleurd.

SA Botternek Tuimelaar



Die Botternek is van medium grootte, kort en kompak. Die mannetjies is ongeveer 200mm hoog en die wyfies 180mm. Die bek is kort en reguit en die oogkleur is pêrel of donker. Die vlerke moet onder die stert gedra word en die stert bestaan uit 'n minimum van 14 vere. Die bene is middelmatig van lengte en is met vere van 50-100mm lank bedek. Die kop moet wit wees en die nek is brons met wit, blou en swart spikkels.

www.safpa.za.org

SA Tuimelaarklub

President: Bertie Wessels
083 7334191
bertie_wessels@hotmail.com

Sekretaris: Shaun Ayerst
083 7079017
ronnieayerst@telkomsa.net